Wes-Kaapse Regering

Onderwys

Direktoraat: e-Leer

Verwysing: 20210721-4519
Lêerno.: 12/17/11
Navrae: A van Vuuren

e-Leer-minuut: 0005/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, VOO- en AOO-koördineerders, Vakadviseurs, Prinsipale en opvoeders van gewone openbare en spesiale skole

**Onderwerp: Uitnodiging na *Die Sigblad*-webinarreeks**

1. Die Direktoraat: e-Leer sal 'n webinarreeks wat oor sigblaaie en die manipulering en visualisering van data handel, aanbied.

2. As deel van die Direktoraat: e-Leer se professionele ontwikkeling sal nuwe onderwerpe oor die gebruik van sigblaaie binne die onderwyskonteks aangebied word en beskikbaar wees. Die doel van *Die Sigblad*-webinarreeks is om:
   - op datamanipulasie en visualisering te fokus ter ondersteuning van datagedrewe besluite en outimatisering van daaglikse take binne die onderwyskonteks;
   - sigblaaie oor leeruitkomste wat die Microsoft Excel- en Googleblaaie se produkte insluit, te verskaf;
   - twee ontwikkelingsbane te verskaf om beginner-/intermediêre en intermediêre/gevorderde gebruikers tegemoet te kom; en
   - opvoeders, bestuurders en administratiewe personeel binne die skool sowel as die kantoorgebaseerde omgewing te ondersteun.

3. Die volgende deelnemers aan *Die Sigblad*-webinarreeks word geteiken:
   - Prinsipale, adjunkprinsipale en skoolbestuurspanlede wat graag 'n begrip wil hê oor die digitalisering van databestuursprosesse;
   - Inligtings- en kommunikasietegnologie- (IKT-) kampvegters en IKT-koördineerders by skole ter ondersteuning van digitalisering en basiese outimatisering deur sigblaaie te gebruik; en

Wharfplein-noord 1, Laer Loopstraat 2,
Strandgebied, Kaapstad, 8001
Tel.: +27 21 467 2106 Faks.: +27 21 467 2258

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
Veilige Skole: 0800 45 46 47
wcedonline.westerncape.gov.za

- Alle opvoeders wat belangstel in die digitalisering en basiese outimatisering van databestuurstake deur sigblaaie te gebruik.

4. Die program word op die volgende manier gestruktureer:
   - Twee ontwikkelingsbane, wat elkeen drie onderwerpe het, is beskikbaar.
   - Al ses onderwerpe word in Engels as deel van die aanvanklike bekendstelling aangebied.
   - Deelnemers kan besluit om enigeen van die sessies by te woon, maar om ten volle voordeel uit die leergeleentheid te trek, word daar aanbeveel dat 'n volledige baan of selfs albei bane bygewoon word.
   - Onderwerpe sal herhaal word wat deelnemers toelaat om 'n geskikte datum te kies.
   - *Die Sigblad*-webinarreeks sal bekendgestel word as deel van die Direktoraat: e-Leer se professionele onderwysersontwikkelingsprogram.

5. *Die Sigblad*-webinarreeks se uitkomste en voorlopige rooster is aangeheg. (Kyk Bylae A.) Die registrasieskakel vir alle sessies is soos volg:
   Registrasieskakel**:** https://bit.ly/Spreadsheet-series-preregistration.

6. Kom met u distrik se e-raadgewende span in aanraking vir verdere inligting. (Kyk Bylae B.)

7. Prinsipale word versoek om asseblief te registreer en die inhoud van hierdie minuut met opvoeders en toepaslike belanghebbendes te deel. U samewerking in hierdie verband word waardeer en hoog op prys gestel.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2021-07-22